Ontmoeting 45

Daniël

As jy in die moeilikheid beland

Teks: Daniël 3, 5 - 6

Hulpmiddels:

- Brief met die woorde "Mene mene tekel parsin"
- Brief met die woorde "Getel, getel, geweeg en verdeel"
- Sak met 'n pakkie lekkers vir elkeen (soos *Smarties of Astro's*)
- 7 Besempoppe: Koning, dienskneg, Sadrag, Mesag, Abednego en 2 soldate
- Kopieë van die prent vir die "geheime skrif"-aktiwiteit
- Wit kers of wit vetkryt
- Kopieë van die hand-spinnertjie
- Sosatiestokkies
- Kopieë van die leeumaskers
- Kopieë van die leeu-"kwakertjies"
- Verf of inkleurkryte

WELKOM

Speel **"Stuck in the mud":** Twee kinders is "aan". Hulle jaag nou die ander kinders. Wanneer hulle aan 'n kind raak, is daardie kind "stuck in the mud". Hy/sy moet wydsbeen en met arms uitgestrek gaan staan en mag nie beweeg nie. Die enigste manier om los te kom, is as 'n ander kind wat nie "stuck" is nie, onderdeur die "stuck" kind se arms of bene kruip om hom te bevry. Speel vir 5 tot 10 minute of totdat almal vassit.

Steek 'n briefie weg waarop staan: "Mene mene tekel parsin". Speel dan **"Warm koffie - koue koffie"** om dit te soek. Steek nog 'n briefie weg met die woorde: "Getel, getel, geweeg en verdeel". Laat hulle nou verder "warm koffie – koue koffie" speel om na die betekenis van die vreemde woorde te soek. Vir die laaste rondte steek jy 'n sak weg waarin daar vir elkeen 'n pakkie lekkers in is.

WYDING

Temaliedere:

"Ek sal jou nooit verlaat nie..." met bewegings of

"Op U Woord" (www.youtube.com/watch?v=Vlqu7z8dWPg) of

"Hy's die Een wat ek liefhet in die môre..."

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem." Wag nog 'n paar tellings en sê dan: "Amen."

WOORD

Ons het in die vorige ontmoeting gehoor van Daniël en sy drie vriende wat saamgestaan het en nie die kos van die koning geëet het nie. Daar in die vreemde stad Babel moes hulle baie moeilikhede deurmaak. Kom ek vertel julle daarvan.

*Voer die storie met die **besempoppe** op:*

Spelers:

* Koning Nebukadneser: *trotse koning van Babel*
* Die koning se dienskneg: *gewillig om te help, maar soms is hy baie lomp*
* Sadrag, Mesag en Abednego: *3 jongmanne uit Israel wat God vertrou*
* 2 Soldate: *goed opgeleide, sterk manne*

Klankeffekte

Wanneer jy die volgende woorde hoor, reageer dan so:

* Koning: *Skree hard:* "Lank lewe die koning!"
* Trompette: *Skree hard:* "Toe-toe-te-roe-toe-toe!" (♩ ♫♩ ♩ | 。)
* Vuuroond: *"Sjoe! Sjoe! Sjoe!"* (Vryf hande teen mekaar.)
* Sadrag, Mesag en Abednego: *Skree:* "Drie cool ouens!"
* Een ware God: "Amen!"

Storie:

Verlede keer het ons gehoor dat daar baie lank gelede in die land Babel 'n man met die naam Nebukadnesar gewoon het. Hy was die koning. *("Lank lewe die koning!")*

Hier kom hy nou. Kyk hoe trots loop hy rond in sy indrukwekkende paleis. Daar gaan sit hy nou op sy spesiale stoel wat die koninklike troon genoem word.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* roep sy getroue dienskneg en vertel hom van sy planne om 'n goue standbeeld te bou wat 27 meter hoog en 3 meter wyd moet wees.

Die dienskneg vertrek vinnig om te begin reël dat die standbeeld gebou moet word.

Uiteindelik het die dag aangebreek om die standbeeld te onthul. *[Waarvan is die standbeeld nou weer gemaak? En hoe hoog is hy? En hoe breed?]*

Kyk, hier kom koning Nebukadneser nou. *("Lank lewe die koning!")*

Hy kom om die standbeeld te onthul en vir al die mense te sê wat hulle moet doen. Hy sê in 'n harde stem: "Wanneer julle die trompette hoor *("Toe-toe-te-roe-toe-toe!")*, moet julle almal neerbuig en die goue standbeeld aanbid. Almal wat dit nie doen nie, sal in die brandende vuuroond gegooi word. *("Sjoe! Sjoe! Sjoe!")*

Net nadat die koning *("Lank lewe die koning!")* gepraat het, het al die mense die geluid van die trompette gehoor *("Toe-toe-te-roe-toe-toe!")*. Hulle het neergebuig en die goue beeld aanbid.

Skielik gaan die paleisdeure oop en twee sterk soldate bring drie jongmanne na die koning toe. *("Lank lewe die koning!")*

Een van die soldate sê: "O grote koning! *("Lank lewe die koning!")* Hierdie drie Hebreeuse jongmanne, Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool ouens!)* wou nie neerbuig en die standbeeld aanbid toe die trompette *("Toe-toe-te-roe-toe-toe!")* gespeel het nie. Hulle sê hulle sal net neerbuig en die een ware God *("Amen!")* aanbid.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* was smoorkwaad. Hy het opdrag gegee dat Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool ouens!")* in die brandende vuuroond *("Sjoe! Sjoe! Sjoe!")* gegooi moes word.

Toe die twee soldate vir Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool ouens!")* in die brandende vuuroond *("Sjoe! Sjoe! Sjoe!")* gooi, was die vuur so warm dat dit die twee soldate doodgebrand het.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* was op pad om weg te loop, toe hy sien dat Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool*

ouens!") nog altyd regop staan in die vlamme. Hulle het in die vuur rondgeloop en was nie meer vasgebind nie. Daar was ook 'n vierde persoon in die vuuroond *("Sjoe! Sjoe! Sjoe!")* wat soos 'n engel gelyk het.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* het opdrag gegee dat Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool ouens!")* uit die brandende vuuroond *("Sjoe! Sjoe! Sjoe!")* gehaal moes word. Toe hulle uitkom, het die vierde persoon verdwyn.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* het aan hulle klere geruik, maar hy het niks rook geruik nie! Om die waarheid te sê - nie 'n enkele haartjie of stukkie van hul klere het gebrand nie.

Die koning *("Lank lewe die koning!")* was so bang dat hy in sy skoene gebewe het. Hy het beveel dat almal in sy koninkryk die een ware God *("Amen!")* van Sadrag, Mesag en Abednego *("Drie cool ouens!")* moes aanbid.

So het dit gebeur dat die koning *("Lank lewe die koning!")* voor almal erken het dat daar net een ware God *("Amen!")* is.

Na Nebukadnesar het Belsasar koning van Babel geword. Daniël moes vir hierdie nuwe koning ook moeilike goed verduidelik. Koning Belsasar het 'n fees gehou. Hy het 1 000 van sy amptenare genooi om te kom eet en hy het saam met hulle wyn gedrink uit die goue en silwer bekers wat uit die Here se tempel gekom het. Terwyl hulle besig was om dit te doen, het daar skielik 'n hand verskyn wat op die muur voor hulle begin skryf het. Die hand het die woorde, "Mene mene tekel en parsin", geskryf. Niemand het geweet wat dit beteken nie. Die koning het toe vir Daniël laat roep om dit uit te lê. Die woord *mene* beteken: "God het gekyk of u 'n goeie koning is." *Tekel* beteken: "Die Here dink nie u het reg gedoen nie." *Parsin* beteken: "Die Here gaan u koninkryk in twee verdeel en aan ander volke gee."

Alhoewel die boodskap sleg was, was die koning steeds beïndruk dat Daniël dit kon uitlê. Belsasar gee toe vir Daniël mooi klere en hang 'n ketting om sy nek. Hy het hom ook 'n belangriker werk in sy koninkryk gegee. Daardie selfde nag nog is koning Belsasar vermoor.

Daniël en sy vriende moes elke dag oppas vir die versoekings van die mense wat nie in die Here geglo het nie. Hulle het die hele tyd aan God getrou gebly. Daar het nog 'n groot ding met Daniël gebeur omdat hy net die Here alleen wou aanbid.

Hoor nou hierdie storie van Daniël: *(Jy kan die storie net lees, maar elke keer as jy "Darius" lees, moet die kinders antwoord met Dáááá-ri-eus. Hulle moet met so 'n diep stem eindig!)*

Daar het 'n nuwe koning in Belsasar se plek gekom. Sy naam was **Darius**. Hy het 'n klomp belangrike manne in sy ryk aangestel - meer as 120 van hulle. Van al hierdie mense was Daniël verreweg die beste. Die ander was jaloers op Daniël en dink toe aan 'n plan wat vir Daniël in die moeilikheid kan laat beland. Hulle kom toe met 'n simpel plan na koning **Darius**.

"O koning, u is so groot en so belangrik. U is die groot koning **Darius**! Kondig 'n wet af dat alle mense vir 30 dae lank niks anders mag aanbid as net vir u nie. Alle mense moet in hierdie tyd in hulle gebede sê: "O **Darius**!" Dié wat nie die koning wil aanbid nie, moet vir die leeus gegooi word."

Die koning het gedink dis 'n slim plan en kondig toe die wet af. Daniël het voortgegaan om soos dit sy gewoonte was drie keer 'n dag tot God te bid in die rigting van Jerusalem. Die klomp jaloerse amptenare van koning **Darius** het toe vir Daniël, wat steeds sy God aanbid het, by die koning gaan aankla.

Koning **Darius** was verplig om die straf uit te voer. Daniël moes in die leeuhok gegooi word. Koning **Darius** het baie sleg gevoel, want Daniël was sy beste man en hy het baie van hom gehou. Hy het die hele nag sleg geslaap en die volgende oggend vroeg is hy na die leeuhok toe. Hy het van ver af geroep. Toe Daniël antwoord, was koning **Darius** baie verbaas.

Daniël vertel toe dat die Here 'n engel gestuur het wat die bekke van die leeus toegesluit het. Hulle kon niks aan hom doen nie. Koning **Darius** het daar en dan besluit dat Daniël se God die enigste ware God is. Hy was ook so kwaad vir sy amptenare dat hy hulle almal in die leeuhok laat gooi het. Die leeus het almal dadelik verskeur.

Die twee stories van die vuuroond en van die leeuhok leer ons dat jy selfs oor jou geloof in die moeilikheid kan beland. Ons dink baie keer dis net as ons stout is dat ons moeilikheid kry. Hierdie mense het juis moeilikheid gekry omdat hulle soet was. Maar as jy moeilikheid kry omdat jy soet is, moet jy onthou dat die Here aan jou kant is. Hy sal jou altyd red. Moet net nooit ophou om op die Here te vertrou nie!

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wanneer was jy in die moeilikheid terwyl jy eintlik soet was.
2. Ek wonder waarvoor Daniël en sy vriende bang kon wees.
3. Ek wonder watter stories ken jy van mense vir wie die Here gehelp het toe hulle bang was.
4. Ek wonder waarmee die Here 'n mens alles help.

WERSKAF

- Geheime skrif-aktiwiteit: Kopieer die prent van die koning met die reghoek langs hom. Gebruik 'n wit vetkryt of kers en skryf die woorde "Mene Mene Tekel Parsin" in die blokkie. Druk hard met die kryt of kers. Doen dit met elke kopie. Gee vir elke kind 'n prent en waterverf. Laat hulle die reghoek met waterverf verf. Die woorde verskyn dan op die reghoek.
- Brandende oond: Maak die hand-spinnertjie.
- Maak 'n paar leeumaskers.
- Maak die papiervou-kwakertjie van 'n leeu se kop.

Gebedstyd:

Here, dankie dat U getrou bly as ek getrou aan U bly, maar dat U selfs getrou bly as ek ontrou is. Help my om altyd getrou aan U te bly. Amen.

Sluit af met die seënbede:

"Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou."

Bron:
www.bibleclasscreations.blogspot.co.za



Instruksies om die hand-spinnertjie te maak:

Kleur die prentjies in en knip die sirkels uit. Plak 'n sosatiestokkie agter op een van die sirkels met kleeflint vas. Plak die ander sirkel ook agter op die eerste sirkel vas met gom of "double-sided tape" sodat die prentjies aan weerskante van die stokkie is. Die kinders vryf die stokkie tussen hul hande. Dan lyk dit of die engel en 3 manne binne-in die vuuroond is.



Leeumasker

Kopieer die prent op gewone papier. Knip uit op die soliede lyn (vierkant). Kleur die leeu in sodat dit soos prent 1 lyk. Kleur voor die tyd 'n voorbeeld in sodat die kinders kan sien hoe dit moet lyk. Kleur tot teen die kante in, maar die binneste deel bly wit. Vou die vierkant soos die bekende "kwakertjies" (of Google "fortune teller origami" om te sien hoe dit gevou moet word).